

Nuut

Ek sien 'n nuwe hemel kom,
'n aarde nuut en vry

Vernuwing in mens se lewe

Leef nuut uit jou verlede

Die Fontein



HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

OKTOBER 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking: Jesus maak alles nuut!

03 Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry

04 Vernuwing in ons lewens

05 Leef nuut uit jou verlede

07 Nuwe lewe bot

09 Gebedsversoeke

Gemeentenuus

10 Die Reformatoriese Hervorming - 509 Jaar

11 Klein Olivia word gedoop / Zoom vir 'n slag in persoon

12 Kerkfinansies

13 Diaconie: Finansies

Teks vir die maand:

“Maar hulle wat op die Here vertrou, kry altyd weer krag. Hulle word soos 'n arend wat vlieg. Hulle hardloop en word nooit moeg nie. Hulle loop en raak nooit uitgeput nie.”

Jesaja 40:31

Rubrieke

14 Ons leer mekaar ken ...

15 Kollig: Bid-vir-vyf Projek

16 Diaconie: Terugvoer van die diaconie

17 Dit borrel in my! / Ons deel met mekaar ...

18 Blokraai

19 Het jy geweet?

20 Diere en voëls van die Bybel

21 Tienerfokus

Kinderhoekie

22 Vervolgverhaal

23 Kleuterpret

24 Jongmensjolyt

Advertensies

25 Snuffelfontein

26 Blokadvertensies

Aanhaling vir die maand:

“Renew, release, let go. Yesterday's gone. There's nothing you can do to bring it back. You can't 'should've' done something. You can only do something. Renew yourself. Release that attachment. Today is a new day!”
-Steve Maraboli

Uit die redakteur se pen

Magda du Toit

Wanneer ons aan iets nuuts dink, kom daar baie keer 'n beeld van teenstelling in ons geestesoog op. Ons vergelyk iets nuuts teenoor iets ouds, afgeleef, dof of stukkend.

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) verwys die woord **nuut** na **iets wat pas gemaak of bekom is; iets wat ongebruik is en nie oud nie**.

Wanneer ons na vernuwing kyk wat van die woord nuut afgelei is, sien ons dat vernuwing daardie dinge omvat waar nuwe dinge bedink en nuwe metodes aangewend word. Sinonieme vir vernuwing is innoverend, modern, progressief en vooruitstrewend terwyl die antoniem stagnerend is.

Hieruit is dit duidelik: Ons kan nie probleme oplos as ons nie vernuwend dink nie. As ons nie vernuwe nie, stagneer ons.

Dit is waarop ons in die Oktober-uitgawe van Die Fontein fokus. Om nuut te leef. Om te vernuwe. Dit impliseer dat ons nie net nuut dink nie, maar dat ons ook opnuut oor ons geloof dink. En dat ons, nadat ons daaroor gedink het, oorgaan in aksie om nuut te leef. Om egter nuut te leef, beteken dat ons moet verander. Vernuwing is 'n proses. Dit is soos 'n skoenlapper wat uit sy papie-stadium ontwaak en weer nuut en anders leef.

In ons Woordoordenking kyk ons hoe Jesus alles nuut maak en ons toerustingsartikels sluit daarby aan.



Ons begin by hoe die lente ons elke jaar daaraan herinner dat vernuwing 'n voortdurende proses is. Ons fokus ook op wat dit verg om nuut te leef. Mens kan egter nie vernuwe as daar nie iets is om die nuutheid teen te meet nie en in een van ons artikels fokus ons op daardie dinge wat ons kan gebruik as klippe om ons nuwe lewenspaadjie mee te bou. Maar uiteindelik stuur ons lewenspad af op die nuwe aarde en derhalwe brei ons ook uit op hierdie gedagte in een van ons artikels.

In die afdelings wat spesiaal vir ons jonger lesers gerig is, wil ons hulle ook graag aanmoedig om nie net nuut te leef nie, maar ook om met nuwe oë, met waardering, na alles om hulle te kyk. Maak dus seker dat Die Fontein ook by ons jongmense uitkom, want as gemeente is dit ook ons plig om ons jong dooplidmate te lei in hierdie proses van vernuwing.

Ons gaan verder voort met ons reeks artikels oor diensgroepe en vertel ook van dit wat binne in ons gemeentekringe gebeur.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien. Onthou ons hou boek van al die inskrywings en in 2027 wag daar 'n beloning op die persone wat getrou elke maand hul blokkiesraaisels indien.

As jy voel jy wil graag 'n bydrae lewer vir Die Fontein, praat gerus met ons. Bydraes is altyd welkom. Briewe, artikels, geloofsverklarings of ander nuus kan per e-pos ingestuur word na fontein@annlin.co.za.

Lekker lees!
Magda



Woordoordenking: Jesus maak alles nuut!

Ds. Hendrik Stoltz

Reeds in die Ou Testament het God deur die profeet Jeremia (31:31) bekend gemaak dat Hy 'n nuwe verbond met ons gaan sluit. Die ou verbond met al sy wetsvoorskrifte kon ons in elk geval nie nagekom het nie.

Jesus se bediening was van die begin af daarop gerig om Jood en nie-Jood daarop te wys dat in Hom God se oomblik van nuwe begin aangebreek het. Jesus het nie gekom om die tekortkominge in die Ou-Testamentiese godsdiens te lap of beter te maak nie. Ook nie om dit net met iets beters te vul nie. Die goeie nuus van die evangelie gaan juis daaroor dat God in Christus heeltemal nuut begin het.

Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan sodat Hy ons vry kan maak van die bande van die sonde en die wet. Die Gees oortuig ons harte van God se liefde vir ons in Christus. Hy laat die liefde van Christus in ons groei soos 'n vrug.



Lees:
Markus 2:13-22
(fokus 2:21-22)

Sing:
Psalm 33:2, 11

Die goeie nuus van die evangelie gaan juis daaroor dat God in Christus heeltemal nuut begin het.

Enigiemand wat Christus plus ons gehoorsaamheid aan die wet verkondig, is soos iemand wat met 'n nuwe stuk lap 'n stokou kledingstuk wil lap. Of dit is soos iemand wat in 'n stokou wynsak nuwe wyn gooi. lewers gaan iets meegee.

Jesus het gekom om die wet vir ons te vervul en ons vry te maak van alle mensgemaakte voorskrifte, reëls en rituele. Deur sy Gees skenk Hy aan ons die nuwe lewe. Nou reeds kan ons saam met Hom lewe en uitsien na die dag wanneer alles volmaak nuut gaan wees en waar ons volmaak by Hom en die Vader gaan wees.

Bron:
Deputate Gereformeerde publikasies:
Almanak 2017. p. 402)



Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry

Ds. Pieter Kurpershoek



As gelowiges sing ons opgewonde oor ons toekoms in Skrifberyming 18-6:1: **Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry!**

Dis die toekoms waarnatoe jy en ek leef, 'n toekoms wat nuut is, 'n toekoms waarin God by ons is en Hy oor ons skyn! Wonderlik!

Maar wat behels hierdie **nuwe** toekoms? Wat behels hierdie **nuwe** hemel en nuwe aarde? Begin die Here oor met ons blyplek, ons lewensruimte, sy skepping? Skep Hy iets nuuts wat nog nie vandag bestaan nie? Lyk jou en my toekoms dus heeltemal anders as vandag?

In ons moedertaal, Afrikaans, beteken die woordjie **nuut: iets wat pas gemaak of verskyn het; iets wat pas ontdek en nie vroeër gesien of waargeneem is nie; iets wat nog nie gebruik is nie; iets wat op die vorige volg.** iets wat nuut is, is in ons gedagtes dus iets wat nog nie in die verlede bestaan het nie.

In die taal waarin die Nuwe Testament geskryf is, Grieks, is daar egter twee woorde vir nuut. Die een (**kainos**) beskryf iets wat nog nuut is, nog nie gebruik is nie of juis nuutgemaak is, terwyl die ander een (**neos**) iets beskryf wat nuut op die mark is, wat nog nie voorheen bestaan het nie. Daarom kan in Lukas 5:38 gepraat word van nuwe wyn (**neos**) wat in nuwe sakke (**kainos**) gesit moet word. Nuwe wyn is wyn wat nou net gemaak is, nou op die mark gekom het, terwyl nuwe sakke, sakke is wat nog nie voorheen gebruik is nie.

Wanneer die Here oor die nuwe hemel en aarde praat, gebruik die skrywers wat deur die Gees gelei is, die woordjie kainos om daarmee te sê:

Die aarde waarop jy en ek met ons verheerlikte liggame gaan bly wanneer Jesus terugkom, is 'n aarde wat vernuwe is. Ons gaan dus nie op 'n splinternuwe aarde bly wat deur die Here nuut geskep is nadat Hy die aarde waarop ons nou leef, vernietig het nie, maar wél op hierdie aarde waarop ons nou woon, maar wat deur die Here herstel, vernuwe en radikaal herskep is.

Hoe gaan die lewe op hierdie nuwe aarde wees? HEER-lik! (Openb. 21-22) Op die nuwe aarde woon die Here self by ons. Hy herskep die aarde en ons en die lewe sodat ons nie meer kan of wil huil nie. Hy sorg dat die dood nie meer daar is nie. Hy sorg dat daar nie meer 'n stukkie seer na vore gaan en kan kom nie. Hy sorg dat daar geen disharmonie meer is nie. Hy sorg dat ons vrede op aarde beleef ... vir altyd!

Dis jou en my nuwe toekoms. En hierdie nuwe lewe op die nuwe aarde met die hemel by ons, met God by ons, spoor jou en my NOU AL aan om voluit saam met die Here te leef. Ons toekoms op hiérdie aarde saam met ons Here Jesus is vas en seker en daarom versorg ons hiérdie aarde met liefde en leef ons op hiérdie aarde met oorgawe! Maar daarom sing ons ook – geborge in Christus – met oorgawe in Skrifberyming 18-7:12: **Hul van wie die naam geskrywe, in die Lewensboek sal staan, hulle sal daar binnegaan.**

Vernuwing in ons lewens

Henriëtte Mulder



Vernuwing is gewoonlik een van die woorde waaraan ons dink wanneer die nuwe jaar vir ons op die horison lê en loer. Ander kere dink ons aan iets wat nuut word wanneer 'n seisoen draai, veral met lente. Weereens is dit iets wat amper onbereikbaar is waarna ons reik.

Maar wat as vernuwing nie 'n groot gebeurtenis in ons lewens is nie? Wat as dit daardie klein dingetjies is wat ons meestal nie raaksien nie? Wat as dit doodeenvoudig die keuses is wat ons elke dag maak?

Die keuses wat ons elke dag moet maak, kan maklik ons dag omvergooi. Dis die dinge wat veroorsaak dat ons maklik vergeet ons het besluit ons gaan hierdie jaar, hierdie seisoen, of hierdie week nuut wees, beter wees.

Ons moet daaglik doelbewus keuses maak wat wys dat ons 'n nuwe mens is, nuut gemaak is in Christus.

Hoe kan ons dit doen?



Wees die steunpilaar vir die kwesbares.

Romeine 15:1-2 sê dis ons verpligting, as die wat sterk is in die geloof, om die wat nie sterk is nie te ondersteun. Om te dink aan wat vir hulle goed is. Ons kan hierdie opdrag verder vat deur die mense wat kwesbaar is as gevolg van ouderdom, fisiese swakheid, finansies ensovoorts, regop te hou – ons kan daaglik kies om 'n steunpilaar vir iemand te wees.

Moenie veroordeel nie.

Elkeen van ons doen dinge wat ander mense laat aanstoot neem, of ons dink baie keer dat ons beter is as ander as gevolg van iets wat ons doen of nie doen nie. In Romeine 14:1-4 kry ons die opdrag om nie mekaar te veroordeel nie, om nie te dink ons is beter as ander nie. Die keuses is nie altyd maklik om te maak nie, maar wanneer ons die regte keuse maak, kan ander Jesus in ons sien.

Praat die waarheid – altyd.

As ons nou eerlik wil wees, kan ons met sekerheid sê om altyd die waarheid te praat makliker gesê as gedaan is. Tog gee Efesiërs 4:25 vir ons die opdrag om die waarheid te praat. Indien ons nie die waarheid praat nie, is die kanse om mense seer te maak groot.



Vernuwing in ons lewens (vervolg)

Leef met jou oog op die ewigheid gerig.

Efesiërs 5:16 sê ons moet die beste gebruik van elke geleentheid maak en Kolossense 3:2 herinner ons dat ons met ons gedagtes na bo gerig moet leef. Wanneer ons leef met Jesus eerste in ons gedagtes, dan is dit soveel makliker om die regte ding te doen en voluit te lewe. En met voluit lewe kan ons 'n groot verskil maak in ander se lewens – waarin ons ook die koninkryk verkondig.

Wees lief vir mekaar.

Jesus gee aan ons die opdrag om mekaar lief te hê, soos Jesus ons liefhet (Johannes 13:34-35), maar ons keuses veroorsaak so baie keer dat ons die teenoorgestelde doen. Ons onthou die kwaad teen ons, maar vergeet die liefde en dan vergeet ons ook om lief te hê.

Daar is nog baie keuses wat ons daaglik maak. 'n Paar hiervan is:



Moenie toegee aan groepsdruk nie – doen wat reg is
(Eks. 23:2 & Rom. 12:2)



Doen God se wil en draai weg van wat verkeerd is
(2 Kor. 5:9 & Hand. 17:30)



Hou aan volhard in die goeie
(Gal. 6:9)



Hou aan bid, ook vir die mense wat jou lewe moeilik maak
(Kol. 4:2, 1 Tess. 5:17 & Matt. 5:44, Rom. 12:14)



Vra God om jou hart te ondersoek en te verander
(Ps. 139:23 & Rom. 12:2)

Hierdie keuses lyk dalk op die oog af eenvoudig, maar ons gee so baie in – ons kies die verkeerde. Wanneer ons lewe met die ingesteldheid om aan ander te doen wat ons aan onself gedoen wil hê, sal die keuses makliker wees. Wanneer ons dan hierdie reg uitleef, kan die vernuwing in ons gesien word – deur ander mense en deur onself.



Leef nuut uit jou verlede

Magda du Toit

Nie een van ons se verlede is sonder blapse nie. Op een of ander stadium het ons 'n verkeerde besluit geneem, opgetree soos ons nie wou of moes nie of teruggeval in 'n slegte gewoonte. Ons lees ook in die Bybel van mense wat foute gemaak het – Dawid, Moses en Petrus. Dit is egter een ding om te besef dat mens foutter het, maar heeltemal iets anders om jou gedrag te verander.

Paulus skryf in sy tweede brief aan die gemeente in Korinte (2 Korintiërs 7:5-7) hoe bly hy is dat die gemeente jammer is oor die dinge wat gebeur het en dat hulle nou hulle ingesteldheid en lewens verander het.

Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge. Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus, en nie net deur sy koms nie, maar ook omdat julle hom opgebeur het. Hy het vertel van julle begeerte om ons te sien, en dat julle jammer is oor wat gebeur het en my nou ywerig verdedig. Dit alles het my nog blyer gemaak.

Wanneer ons jammer is oor dinge wat gebeur het, moet ons nie net spyt wees daaroor nie, maar ons moet daaruit leer. Om uit jou foute te leer, beteken dat mens die misstappe as waardevolle lesse vir persoonlike groei gebruik in plaas daarvan om dit net te erken.

Ons kan dus ons verlede gebruik om ons lewens te verander – om te vernuwe. President Paul Kruger, se bekende woorde, **Neem uit die verlede wat goed en edel is en bou daarop die toekoms**, kry soveel meer betekenis as mens vanuit 'n perspektief van hernuwing daarna kyk.

'n Nuwe lewe wat groei uit ons verlede, verg die volgende stappe:

- **Neem verantwoordelikheid** – Erken dat jy foute maak. Moenie die healtyd probeer om verskonings te soek of dit weg te steek nie.
- **Selfondersoek** – Bepaal waarom jy gefaal het of wat presies verkeerd gegaan het. Probeer kyk wat jy volgende keer anders kan doen.
- **Neem aksie** – Soek 'n praktiese oplossing. Stel die saak reg. Vra om verskoning.
- **Aanvaarding** – Aanvaar dat die verlede nie verander kan word nie, maar besef ook dat jy volkome beheer het oor die keuses wat jy nou maak.
- **Vergifnis** – Vergewe jouself. Maak vrede met vorige teleurstellings. Moenie dat bitterheid of skuldgevoelens jou toekoms gyselaar hou nie.
- **Vra hulp** – moenie nalaat om die Here te vra om jou te lei in groei nie. Vra ook sy vergifnis vir die dinge wat jy gedoen het wat teenstydig was met Sy Woord.
- **Verander** – Vervang negatiewe gedagtes en selfbejammering met doelbewuste vrae soos: “Wat kan ek hieruit leer?” “Wat kan ek anders doen?” “Hoe kan ek nuut leef?”
- **Doelwitte** – Stel klein, praktiese doelwitte vir elke dag.
- **Bou** – Bou jou toekoms uit dit wat jy uit die verlede geleer het.

Dit is egter belangrik dat ons nie die healtyd agtertoe kyk nie. Jou lewe lê voor jou uitgestrek en hoewel die verlede ons vorm en skaaf, bly dit belangrik om met jou nuwe uitkyk vorentoe te leef. In Spreuke 4:25 kry ons goeie raad wat ons kan volg: Jou oë moet vorentoe kyk, jou blik moet reg voor jou gerig wees.



Nuwe lewe bot

Corrie van Wyk

Lente – die seisoen van nuwe lewe, nuwe begin en nuwe hoop.

Elke jaar wanneer die affodille, magrietjies en jasmyn vrolik in ons sakdoektuinies blom, (ons woon in 'n aftree-oord) weet ons dat die lente regtig hier is.

As die blou iris net een keer elke honderd jaar sou blom, dink net met watter verwagting jy daarna sou uitsien! Maar omdat dit elke jaar gebeur, vergeet jy soms om dit raak te sien. Onthou dus om hierdie jaar met nuwe oë na die baie wonders rondom jou te kyk en dank die Here daarvoor.

Lente, vernuwing en hernuwing loop soos 'n goue draad deur die Bybel. Die fisiese oorgang van winter na lente is 'n kragtige simbool van God se geestelike herstel in mens se lewe. Wanneer nuwe lewe na die koue winter bot, weerspieël dit God se belofte dat Hy dinge nuut maak.

Matteus 6:28: Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

Almal moet erken: Elkeen van die miljoene lentebloemmetjies is 'n Goddelike kunswerk – 'n wonderwerk. Mense kan dit nie nadoen nie. As God soveel ag gee op elkeen van die lentebloemmetjies, hoeveel te meer sal Hy nie op jou ag gee nie!

Hierdie tema van vernuwing word in 3 kernboodskappe uitgebeeld:

1. God se tydsberekening

In die Skrif word die oorgang na die lente dikwels gebruik om 'n tyd van herstel, hoop en liefde aan te kondig. Ná 'n seisoen van droogte of winter, bring God altyd die “vroeë en laat reëns.” **Hooglied 2:11-12: "Want kyk, die winter is verby, die reën is oor, dit het weggegaan. Die bloeiers word gesien in die land, die sangerstyd het aangebreek ..."** Hier sien ons dat winter nooit permanent is nie. Die lente is God se visuele bewys dat daar nuwe hoop ná swaar tye is.

2. Innerlike hernuwing van die gees

Die Bybel fokus sterk daarop dat vernuwing nie net uiterlik gebeur nie, maar diep binne-in ons gedagtes en gees moet begin. Dit is 'n daaglikse proses. **Romeine 12:2: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed ..."** Vernuwing begin by hoe ons dink. Deur ons gedagtes op God te rig, verander ons hele lewensuitkyk.

3. God wat alles nuut maak

Die uiteindelijke belofte van die Bybel is dat God 'n God van 'n nuwe begin is. Hy herstel wat gebreek is.

Jesaja 43:19: "Kyk, Ek gaan iets nuuts doen; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek sal 'n pad in die woestyn maak, riviere in die wildernis." God se genade het 'n daaglikse "lente-effek". Elke oggend is 'n skoon bladsy.

Nuwe lewe bot (vervolg)

Wees prakties

As jy hierdie temas in jou eie lewe prakties wil maak, volg hierdie stappe:

Snoei (skoonmaak): Wat is die “dooie blare” of ou gewoontes in jou lewe wat God moet wegsnoei sodat daar plek is vir groei?

Water gee (geestelike voeding): Spandeer jy genoeg tyd in die Woord en gebed om jou binneste te hidreer? Gereelde gebed, Bybelstudie, lofprijsing en aanbidding is noodsaaklik vir geestelike groei. Soos 'n plant water, sonlig en die regte grond nodig het om te floreer, het ons geloof 'n geestelike voedingsbron nodig. Wanneer ons daaglikse tyd maak vir God, laat ons toe dat sy “lentereëns” van genade op ons neerdaal – dit versterk ons en laat ons geloof groei. Ons moet doelgerig wees in ons geestelike groei – diep gewortel in God se Woord – en voluit lewe vir God en sy Koninkryk.

Ontkiem (geduld): Groei neem tyd. Moenie moedeloos word as die nuwe dinge wat God in jou lewe doen, nog net soos klein groen spruitjies lyk nie. Ons geloof in Jesus Christus begin soos 'n saadjie – klein en broos – maar met die regte voeding en sorg, kan dit groei. Matteus 13:31-32 “Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het. Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar as dit uitgegroeï het, is dit groter as die tuinplante en word dit 'n boom, sodat die voëls in sy takke kom nesmaak.” Wanneer ons die Heilige Gees toelaat om ons te lei, groei ons vertroue in God en sy beloftes. Lente herinner ons dat groei tyd en geduld verg.

Die skoonheid en lewenskrag van lente dien as 'n tasbare herinnering van die hoop wat ons in Christus het. Net soos blomme oopgaan en bome nuwe blare dra, ontvang ons nuwe lewe in Hom. Soos ons in die geloof groei, sien ons met vreugde uit na die ewige lewe wat vir ons gereed is met sy wederkoms.

Mag hierdie lente 'n tyd van vernuwing en seëninge vir jou en jou geliefdes wees. Mag jy die vreugde en hoop van hierdie seisoen ervaar en mag jy in jou geloof en verhouding met God groei. Soos water vir 'n plant, is die Bybel die bron van groei. Sonder dit droog ons uit; met dit groei ons in geloof, liefde en gehoorsaamheid.

Die gereelde opeenvolging van seisoene is 'n tasbare bewys van God se verbond en getrouheid. Elke nuwe blom en groen grashalm getuig van Sy genade wat elke oggend nuut is.



Gebedsversoeke - Hoe groot is ons God

Carina Pyper



Kom ons bid saam na aanleiding van Psalm 19

GEBED

Die hemele verkondig u Heerlikheid o God. Die uitspansel vertel van die werk van U hande.

Die een dag vertel vir die ander dag, die een nag vir die volgende nag. Hul praat sonder woord of sonder klank. Hul boodskap gaan uit tot die uiterste van die wêreld.

Die son se woonplek is in die hemel waar U, o God, dit geplaas het. Hy kom op en gaan onder. Niks kan sy hitte ontkom nie. Here, U is wonderbaar groot, die natuur verkondig U Naam. U voorskrifte is volkome en kragtig.

Ons bely U Naam en wil U dien met hart, siel en verstand. Help ons asseblief daarin. U is betroubaar en ewig. Die waarde van U Woord en U liefde is onpeilbaar groot. Dis waardevoller as die fynste goud, dis soeter as heuning uit 'n heuningkoek.

U gebooe is suiwer en reg en vir ewig. Dit lei ons op die regte weë om Sy Naam ontwil. Here, spreek my vry van my verborge sondes en bewaar my van opsetlike sondes. Mag die woorde van my mond en die gedagtes van my hart vir U aanneemlik wees, my Here, my God en my Verlosser.

In Jesus Naam.

AMEN

Maak my weer nuut

Openbaring 21:5 Kyk, Ek maak alles nuut.

Psalm 147:3 Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

Ek is 'n droë boomstomp, Heer
Eensaam,
swart-verkool staan ek in ruie gras.
Ek kon die vuur nie keer
en het gebrand -
in plekke tot net as.

Neem tog my sonde weg, o Heer.
Was my, maak my wit soos sneeu
en gee my blydskapsalf
om die brandwonde te streel,
sodat ek herstel.

(Magda du Toit 2012)



Die Reformatoriese Hervorming - 509 Jaar



Die kernbeginsels



Sola Scriptura:
uit die Skrif
alleen



Sola Fide:
uit geloof alleen



Sola Gratia:
uit genade alleen



Solus Christus:
Christus alleen




Soli Deo Gloria:
aan God alleen
die eer

Belangrike gebeure

- 1483
Martin Luther, gebore in Eisleben, Duitsland
- 1517
Luther publiseer sy 95 stellings op 31 Oktober in Wittenberg.
- 1521
Ryksdag van Worms: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie!"
- 1522 Duitse Nuwe Testament word gepubliseer
- 1530 Augsburgse Belydenis word voorgelê
- 1534 Volledige Duitse Bybel word gepubliseer
- 1536 Johannes Calvin publiseer "Institusie van die Christelike Godsdiens"
- 1545-1563
Konsilie van Trent: Reformasie binne die Katolieke kerk
- 1555
Vrede van Augsburg
- 1560
Hervorming vestig in Skotland onder John Knox

Lees verder



Klik op die voorblad hierbo
om laas jaar se
Hervormingsuitgawe te lees!

Klein Olivia word gedoop

Gerhard van Staden

Hoe wonderlik is dit nie om telkens wanneer 'n nuwe verbondskind gedoop word, deel te wees van die spesiale geleentheid nie!

In September kon ons gemeente die doop van klein **Olivia** ervaar. Olivia is die verbondsdogtertjie van sr. Andrea Powroznik. Die Sakrament van die Heilige Doop is deur ds. Pieter behartig.

Ons dank ons Here dat Hy met die doop Sy verbintenis aan klein Olivia bevestig. Oudl. Gerhard van Pletzen het namens die kerkraad 'n klein geskenkie oorhandig.

Ons wens sr. Andrea geluk en bid dat die Here haar die krag en genade sal gee om klein Olivia te onderrig en te laat onderrig in die Christelike leer.



Zoom vir 'n slag in persoon

Marsa Pelser en Christo du Plessis

Op **18 September 2026** het die Laerskool Zoom Bybelstudiegroep die lekkerste Bybelstudie van die jaar gehad. Ons hou gewoonlik Bybelstudie op Zoom, maar hierdie keer kon ons lekker saam kuier, eet, speletjies speel en Bybelstudie doen in die koffiekroeg by die kerk.

Ons het begin met Bybelstudie oor hoe die Here vir Moses in Egipte gebruik het. Dit is lekker om elke week meer oor die Here te leer saam met kerkvriende en om dan aksieplanne vir die nuwe week op te stel.



Kerkfinansies - September 2026

	September 2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasië Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Diensgroepe	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto surpluss / (tekort) vir die maand	**	**	**	**

Vir **September 2026**, het die kerkkas 'n tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto surplus van ** gewys. Die lidmatebydraes vir hierdie maand was ** minder as die begrote bydraes vir die maand. Die lidmatebydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote bydraes vir die maand.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentedele, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentedele om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik asb. jou nuwe wyknommer as verwysing: **Wyk + Van + Noemnaam**

Diakonie finansies - September 2026

Gemiddelde maandelikse inkomstes en uitgawes vir die nege maande geëindig 30 september 2026 vir die Diakonie.

Inkomstes	9 maande van 2026 (Rand)	Gemiddeld per maand 2026 (Rand)
Kollektes	**	**
Voedselhulp	**	**
Rente op belegging	**	**
Hulp aan Boere	**	**
Totale Inkomstes	**	**
Uitgawes	9 maande van 2026 (Rand)	Gemiddeld per maand 2026 (Rand)
Finansiële ondersteuning:	**	**
• Lidmate	**	**
• Diakonale inrigtings	**	**
Ander bydraes tot ondersteunings aksies:	**	**
• Voedselhulp	**	**
Diverse uitgawes (Bankkoste, Honorarium)	**	**
SURPLUS: voor adhoc uitbetalings	**	**
Adhoc betalings deur die jaar	**	**
Voedselhulp - Mosambiek Predikante	**	**
SDDS - Hulp aan Boere	**	**
Nie-Lidmate	**	**
PK Kinderhuis Dopperspele	**	**
GK Derdepoort	**	**
Netto surplus/ (tekort) vir die jaar	**	**

Ons leer mekaar ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Tannie Talita Schlunz word 99!



Dertien jaar voor die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, vier-en-dertig jaar voor Suid-Afrika 'n republiek word, vier-en-sestig jaar voor die nuwe Suid-Afrika 'n werklikheid word, negen-en-negentig jaar voor 1 Oktober 2026 het tannie Talita Schlunz die eerste skree hier op aarde gegee.

Tannie Talita het as 'n nooi Jansen van Rensburg op 'n plaas tussen Morgenzon, Bethal en Ermelo opgegroeï. Sy was haar pa se oogappel, het oral saam met hom gestap en het altyd die uitsoek-sitplek op sy been gekry. So saam met Pa het sy al die gereedskap op die plaas leer ken en gebruik. Sy kon saam met hom werk en alles vir hom aangee soos nodig.

As kind was sy die jongste van vier kinders, met twee sussies en 'n boetie. Van die plaas af het hulle met 'n perdekarretjie skool toe gery, saam met die buurseun, wat – wanneer sy nou nog daaraan dink – haar baie geïrriteer het. Later in haar kinderjare het hulle na die destydse Suidwes-Afrika getrek waar sy later jare haar eerste man, Willem Burger ontmoet het. Hulle het saam een dogter, Lana, gehad.



Met haar kinders, Deon (Seun), Tannie Talita, Lana (Dogter)



Oom George Schlunz saam met een van sy kleinkinders

Na haar eerste huwelik het tant Talita Suid-Afrika toe gekom en oom George, soos hy hier in die gemeente bekend was, leer ken. Hulle is op 1 April 1961 getroud en 20 jaar nadat Lana gebore is, het sy 'n kleinboet gekry, Deon. Beide Lana en Deon is nou saam met ons in die gemeente en saam neem hulle verantwoordelikheid om tannie Talita te versorg. Tannie Talita het 5 kleinkinders, 7 agterkleinkinders en amper 2 agter-agterkleinkinders. Die Here se genade en trou is besonders!

Tannie Talita en oom George het dertig jaar gelede deel van ons gemeente geword en het die genade-voorreg gehad om 59 jaar getroud te wees totdat oom George in 2020 oorlede is. Tannie Talita se grootste herinnering aan oom George is dat hy – soos sy dit stel – die Here in hul lewe gebring het. Terwyl tannie Talita nie meer aan ons eredienste kan deelneem nie omdat haar gesondheid dit nie toelaat en sy nie meer baie goed kan sien en hoor nie, volg sy steeds met baie belangstelling wat in die gemeente gebeur.

Die grootste aspek van die Here se genadewerk in haar lewe is egter om te mag sien en beleef hoe diep geborge sy by ons Here is. **Soos sy self sê: Jesus moet haar kom haal – dis waarvoor sy nou wag en waarna sy diep uitsien. Maar soos sy jou altyd sal herinner: Die belangrikste vir ons as mense hier is om te doen wat Jesus sê en saam met Hom te leef!**

Tannie Talita: ons is saam met Deon en Lana dankbaar vir elke dag wat Tannie nog saam met ons mag leef en waarin ons die Here se genadekrag mag sien. Mag Hy Tannie met sy diepe liefde omvou en met sy Gees steeds versterk!



Vyf geslagte, Delmarie (kleindogter), Lana (Dogter), Lea-Marie (Agter-agterkleindogter), Tannie Talita, Theunis (Agterkleindogter)

Bid-vir-vyf Projek

Gerhard van Staden

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Dissipelmaking – fase twee

Op **Sondag, 13 September 2026** het ons gemeente na die ere diens weereens in die saal byeengekom om na br. Giepie van der Merwe te luister. Hy het ons verder vertel oor hoe ons te werk moet gaan om met ongelowige mense oor Jesus te gesels.

Hierdie sessie wat oor ontdekking gehandel het, was 'n voortsetting van die toeligtig wat in Junie 2026 plaasgevind het.

In Matteus 28:19-20 lees ons van Jesus se opdrag aan die dissipels: **“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”**

Die vraag is nou: Hoe gaan ons dissipels maak?

Met die vorige gesprek is bevestig dat dissipelmaking 'n diep gewortelde persoonlike ingesteldheid is waar jy geroepe voel om met mense oor Jesus te gesels. Nadat jy vir die persoon gebed en die persoon se vertrouwe gewen het, is die volgende stap om die persoon by te staan om die Bybel te ontdek. Dit gebeur met die hulp van “Ontdekkingsbybelstudie”.



Klik hier om die volledige gesprek te luister.



Br. Giepie verduidelik die volgende fase van dissipelmaking

Hierdie vorm van Bybelstudie behels drie eiesoortige prosesse wat elk spesifieke vrae met sleutelemente bevat. Die vrae omskryf die fondasie van 'n Bybelse leefwyse.

Die drie prosesse is as volg:

- ❖ Kyk terug – dien mekaar deur mekaar lief te hê.
- ❖ Kyk op – bly by die suiwerheid van die Woord.
- ❖ Kyk vorentoe – onthou, mense is ontvanklik.

Daar moet te alle tye by die vyf beginsels van vermenigvuldiging gehou word. Dit is:

- ❖ Bly by die teks.
- ❖ Dit is nie die plek om al jou kennis ten toon te stel nie.
- ❖ Laat die groep so vinnig as moontlik self fasiliteer.
- ❖ Ontmoet en besoek die mense waar hulle bly.
- ❖ Enige iemand mag vra: “Waar het jy dit in die teksgedeelte gesien?”

Br. Giepie het afgesluit deur te sê dat hierdie 'n eenvoudige proses is en daarom kan dit maklik vermenigvuldig. Skep dus 'n ruimte waar die Groot Opdrag uitgevoer kan word.

Die derde fase sal gedurende 2027 aangebied word.

Kontak gerus vir br. Giepie van der Merwe vir verdere inligting en ook brondokumente.

Diakonie

Terugvoer van die diakonie

Gerhard van Staden



Die kwartaallikse byeenkoms van diakens van Groter-Pretoria het in September by die **Gereformeerde Kerk Die Kandelaar** plaasgevind.

Dié byeenkoms van diakens bied die geleentheid aan diakonieë om met mekaar te gesels oor behoeftes in die gemeenskap. Saam bepaal die gemeentes dan hoe hierdie behoeftes die beste aangespreek kan word.

Tweedens bied hierdie byeenkomste ook 'n wonderlike geleentheid aan diakens om mekaar beter te leer ken.

Laastens bied dit verdere geleentheid aan die diakens om deur middel van bepaalde maatstawwe te vergelyk hoe onderlinge geloofsliefde bewerkstellig kan word.

Tans staan die vergadering onder die voorsitterskap van **Gereformeerde Kerk Derdepoort**. Die voorsitterskap roteer op 'n jaarlikse grondslag. Dié reëling verseker kontinuïteit met die werksaamhede van die diakens in Groter-Pretoria. Elke vergadering word ook op 'n roterende basis by gemeentes gehou. Só word gepoog om elke gemeente die geleentheid te bied om gasheer te wees vir die belangrike byeenkoms. Beide die gebruike werk besonder goed en die verteenwoordiging van ons gemeentes is prysenswaardig.

Soli Deo Gloria.

Nadat die agenda, wat hoofsaaklik gehandel het oor terugvoer van die **Gereformeerde Kerke Derdepoort, Eljada en Ramotse**, afgehandel is, het die ander gemeentes die geleentheid gehad om kortliks 'n oorsig van hul werksaamhede te lewer.

'n Opsommig van die terugvoer:

- ♥ Nood neem oral toe en mense sukkel daadwerklik om kop bo water te hou.
- ♥ Die diakonieë is tans nog in staat om hulp te kan verleen, maar hulpmiddele raak al skaarser wat dit al moeiliker maak om na almal uit te reik. Sommige gemeentes het besluit om vir eers net in eie omgewing barmhartigheid- en liefdesdienste te behartig. Dit is duidelik dat die nood veral onder bejaardes in die gemeentes dramaties toegeneem het. Heelwat gemeentes se noodfondse is tans uitgeput.
- ♥ Dit is opvallend dat al die gemeentes ervaar dat die ouderdom van bestaande lidmate drasties toeneem. Daarteenoor neem die jonger geslag lidmate se getalle weer heelwat af.
- ♥ Projekte word intern geloods om fondse te genereer, byvoorbeeld die aanbied van funksies, tweedehandse klereverkopings, wit olifanttafels en dies meer.

Ten slotte is die diakens daaraan herinner dat die jaarlikse diakonale kongres op DV 24 Oktober 2026 by die **Gereformeerde Kerk Hoëveld** in Witbank (eMalahleni) aangebied gaan word. Volledige terugvoer sal in die November 2026 Maandblad gegee word.

Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

Almal van ons was seker al die slagoffer van een of ander misdaad. Maar hoe dink ons daaroor? 'n Paar jaar gelede was daar in my katekisasieklasse 'n boetie en sussie wie se pa se bakkie die vorige week gesteel is. Na die les het ek die kinders geleentheid gegee om daaroor te praat. Ek was op die punt om met gebed af te sluit, toe my oog op 'n ander kind, 'n besoekertjie, val. Sy was die kleinkind van 'n vriendin van my, en so het net ek geweet dat háár pa juis op die stadium in die tronk was vir motordiefstal! Ek moes voorwaar met groot wysheid bid.

Maar dit het my aan die dink gesit: Daar is erger dinge as om die slagoffer van misdaad te wees. Sal ek nie liever besteel word, as dat my kind 'n dief, of erger, word nie? Glo ek regtig dat dit net die Here se genade is wat my 'n geredde sondaar gemaak het, wat my anders gemaak het as die misdadiger?

Dan kan ek met 'n opregte hart die Here dank elke keer as ek of my geliefdes die slagoffer van misdaad is, dat een van ons nie die misdadiger was nie!

Ons deel met mekaar ...

Vir so baie van ons wat kinders het wat oorsee woon, gee ek hierdie "trooskombers."

Wildernis

ek stuur vir jou 'n gerf groen uit die kloof
armsvol geel uit die veldblomrant
'n groot skyf van die hemelblou
en loomlou wind wat streelsag om jou vou

ek stuur vir jou 'n sonkombers
'n bakhandskep van die soutseesand
en 'n oeroue skulp vol branderruis –
luister fyn hoe my verlange suis

– Nilla Vosloo –

Blokraai - Oktober 2026

- *Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- *Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- *Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.


Ons het vanaf Julie 2026 met die nuwe suksestelling begin: Elke opeenvolgende maand wat jy 'n korrekte blokraai instuur, kry jy 'n fonteintjie. Die lidmaat wat teen Julie 2027 die meeste fonteintjies het, kry 'n spesiale prys. So probeer jou bes om elke maand die korrekte blokraai in te stuur!

- *Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- *Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:

- *Rita Kruger 🌴🌴🌴
- *Andrie Beumer 🌴🌴🌴
- *Jan Rehder 🌴🌴🌴
- *Cobie Plomp 🌴🌴🌴
- *Blignaut Viljoen 🌴🌴🌴

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)


Leidrade - Af:

1. Sprinkane was soms 'n teken van _____. (uit Diere en voëls van die Bybel)
2. Watter Bybelse karakter, wat by die naam genoem word, het sprinkane geëet? (8,3,5) (uit Diere en voëls van die Bybel)
5. Van watter gemeente kom die huidige voorsitter van die kwartaallikse diakonale byeenkoms? (uit Terugvoer van die diakonie)
7. Vir wie moet ons steunpilare wees? (uit Vernuwings in ons lewens)
8. Wat is een van die stappe vir 'n nuwe lewe wat uit die verlede groei? (uit Leef nuut uit jou verlede)
11. Wat is 'n uitstaande kenmerk van die pannekoekverkoper in die verhaal Kermis!?
14. Wanneer ons vernuwend dink, is ons soos 'n ____ wat ontwaak. (uit Redakteursbrief)
16. Uit watter Bybelboek kom die woordoordenking?

Leidrade - Dwars:

3. Groei neem tyd en daarom het 'n mens ____ nodig. (uit Nuwe lewe bot)
4. Die kern van dissipelmaking – fase 2 is ____bybelstudie. (uit Bid-vir-vyf projek)
6. Wat is klein Olivia se mamma se naam? (uit Klein Olivia word gedoop)
9. Watter beeld gebruik ds. Pieter om die terme kainos en neos in sy artikel, Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry, te verduidelik?
10. Hoeveel verwysings is daar in die Bybel na sprinkane as die agtste plaag? (uit Diere en voëls van die Bybel)
12. Watter Bybelkarakter is tydens die laerskooljeug se Bybelstudie bespreek? (uit Zoom vir 'n slag in persoon)
13. Deur wie is die gedig wat ouers met kinders oorsee bemoedig, geskryf? (5,6)
15. In 1,1% van die Bybel is dit ____ wat praat. (uit Het jy geweet?)
17. Wat spesifiek moet vernuwe word volgens die hoërskooljeug se rubriek? (uit Selfondersoek help met vernuwings)

Oplossing: September blokraai



Het jy geweet?

Gerhard van Staden

(statistiek)

Daar is altesaam 188 vroue wat by die naam in die Bybel genoem word.

Daar is 93 vroue wat in die Bybel praat, van wie 49 by die naam genoem word. Hulle praat altesaam 14 056 woorde, ongeveer 1,1% van die Bybel.

Bron:

Fassinerende feite uit die Bybel, JULG! Tydskrif, s.a. Kaapstad: JULG! Tydskrif.

Kerke met 'n sterk reformatoriese inslag, soos in ons geval in die Gereformeerde Kerke, laat die klem val op die gesag van die Bybel (sola Scriptura) en die rol van persoonlike geloof (sola fide). Sō ook veral die rol van die Helige Gees. Kerklike tradisies neem 'n ondergeskikte plek in.

Bron:

Meiring, P. 1996. Suid-Afrika, land van baie Godsdienste. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Diere en voëls van die Bybel

Springkane (Deel 9)

Gerhard van Staden

Sprinkane is verreweg die mees besproke insek in die Bybel met 56 verwysings. Dit word meer kere aangespreek as al die ander insekte saamgevoeg.


Die Jode het die sprinkaan as 'n verwoester, beide letterlik en figuurlik gesproke, beskou. Tog het die sprinkaan, wat die agtste plaag tydens Moses se onderhandelinge met die Farao in Egipte was, ook die mense tydens hul trek deur die woestyn van voedsel voorsien.

Alhoewel die sprinkaan in 'n wye konteks in sewentien boeke van die Bybel aangespreek word, word dit nêrens genoem watter spesifieke spesie voorgekom het nie.

Spesifieke verwyings in die Bybel

In Levitikus 11:22, wat handel oor rein en onrein kos, lees ons: "Dit sluit in alle soorte sprinkane en krieke". In Joël 1:4 word verwys na vier soorte sprinkaanswerms en in Spreuke 30:27 lees ons van die sprinkane wat nie 'n koning het nie, maar tog trek die hele swerm in formasie.

Die vertelling van die sprinkaan in die Bybel kan hoofsaaklik in drie hoofgroepe verdeel word. Die eerste groep handel oor die agtste plaag met 9 verwysings. Die tweede groep verwys na die sprinkaan as vernietigers met 25 verwysings. Die derde groep verwys na sprinkane as 'n bron van menslike voedsel met 6 verwysings.




In Eksodus 10 lees ons van die agtste plaag. Vier kernaspekte van die sprinkaan word hier uitgelig: die algehele verwoesting van oeste, swerms so groot dat hulle die son verduister het, dat hulle deur die Oostewind aangedryf is en deur die magtige Westewind weggewaai is.

Die sprinkaan is nog altyd beskou as 'n simbool van vernietiging, soos omskryf in Joël 2:25. Met die uitsondering van die agtste plaag het God sy volk ook by minstens drie geleenthede met sprinkane gedreig of sprinkane gestuur as 'n instrument van direkte straf of teregwyding (vgl. Deut. 28:42, 2 Kron. 7:13 en Amos 4:9).

Die sprinkaan as voedselbron word die eerste keer in Levitikus 11:21 genoem. Alhoewel dit nêrens eksplisiet gestel word dat die Jode sprinkane in die woestyn geëet het nie, is daar geensins twyfel dat dit wel gebeur het nie. Johannes die Doper is die enigste Bybelse karakter waarvan spesifiek aangeteken is dat hy sprinkane geëet het (vgl. Matt. 3:4).

In November 2026 kyk ons na slange.



Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible
Lands. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House



Selfondersoek help met vernuwing

Ons gedagtes is baie keer die ding wat ons in die moeilikheid bring of ons net laat sleg voel oor onself en die lewe.

Doen hierdie maand **selfondersoek**. Kry 'n joernaal, notaboek of selfs jou foon en skryf neer hoe jy dink en reageer in die volgende situasies.

Eerstens: Skryf neer wat jou onmiddellike denke en reaksie sal wees.

Tweedens: Skryf neer hoe jou denke en reaksie sal wees as jy uit 'n vernuwende oogpunt na die situasie kyk. Hoe dit sal wees wanneer Jesus voor in jou gedagtes is en jy Sy voorbeeld moet volg.

- *Hoe dink ek oor myself?
- *Hoe dink ek oor my vriende?
- *Hoe dink ek oor my gesin?
- *Iets gebeur by die skool/huis en ek kry die skuld daarvoor al het ek dit nie gedoen nie.
- *Ek druip my vraestel.
- *Ek het sleg geslaap en dit voel of die hele wêreld teen my is.
- *My vriende sluit my uit van 'n kuier.
- *My ouers verstaan my nie - hulle dink ek is 'n kind.
- *Ek sukkel om 'n goeie verhouding met die mense om my te hê.
- *Ek sukkel om 'n goeie verhouding (of self net 'n verhouding) met God te hê.
- *Ek sukkel met my eie begeertes wat ek weet nie goed is vir my nie.

Daar is nog baie scenario's wat ons kan gebruik om ons denke te oefen.

Bid en vra dat God jou lei in hoe jy dink en reageer oor elke situasie wat oor jou pad kom. Ons kan nie op ons eie ons denke en reaksies nuut maak nie, maar wanneer God ons dra, is dit soveel makliker.



Kermis – Deel 2

Nicola du Plessis



Die reuk van pannekoek het seker vir Daisy te veel geword. Sy draai en hardloop reguit op die arme kok af. Gillend duik sy die boepens-oom uit die pad. Die pannekoek, wat hy besig was om in die lug te gooi, land netjies op Tommy se kop. Hy probeer nie eens van die pannekoek ontslae raak nie, klou net vir lewe en dood aan Daisy se nek vas. Sy bulk weer oorverdowend. Die sjef het intussen tot sy sinne gekom. Net betyds gryp hy die stapel gaar pannekoeke voor Daisy se happende kake weg.

Sy gee hom een kyk. Asof sy nie kan verstaan waarom die knaap haar peuselhappie gryp nie. Dis toe dat die man die fout van sy lewe begaan. Hy hardloop. En Daisy sit hom agterna ...

Verby die kerrie-en-rys stalletjie. Dié keer kantel hul banier. Verby, wel, eintlik óór die waterglybaan. Hier laat sy vir Tommy agter, wat netjies op sy agterstewe in die seepwater aan die einde tot stilstand kom. Daisy se eienaar het intussen ook by die jaagtog aangesluit. Sy probeer ook Daisy se toertjie, maar gly en land langs die geskokte Tommy in die water. Sy staan vinnig regop, tel die stomme Tommy uit die skuim en haal die pannekoek van sy kop af. Dan hardloop sy, druipnat, verder.

Daisy hap 'n keer of wat na die kok, maar mis hom elke keer naelskraap. Die chaos ontlok natuurlik 'n vreeslike affêre. Party mense lag vir die skouspel. Ander, soos die roomysverkoper, gil. Daisy hardloop verby. Stop dan dat jy net gras sien spat. Draf terug en vat 'n enorme hap uit die stapel roomyshorinkies. En net toe haar eienaar daar aankom, trek sy weer in volle vaart weg. Weer agter die, nou rooi-in-die-gesig, boepens-sjef en sy stapel gesuikerde pannekoeke aan ...



KLEUTERPRET

INKLEURPRENT

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Jongmensjolyt

Doolhof - Leef soos nuwe mense

Gaan lees eers Efesiërs 4:17–31 en help dan vir Karel om deur die doolhof van begin tot einde te gaan deur die vragies te antwoord. Die korrekte antwoord mag jou dalk help om vinniger by die einde uit te kom!

BEGIN

1. Hoe beskryf Paulus die heidene? (verse 17-18)

Hulle verstand is verduister en is hardnekkig

Hulle praat lelik

Hulle is nie vriendelik nie

Oh nee, probeer weer

2. Wat moet met jou gees en gedagtes gebeur as jy uit God leef? (vers 23)

Ah, gaan weer terug na die vraag toe

Dit moet nuut word

Dit moet dieselfde bly

Afgesonder en apart

3. Wat beteken dit om "heilig" te lewe?

Jouself wees

Stil en teruggetrokke

Ah, gaan weer terug na die vraag toe

Oh, probeer weer

4. Volgens wat moet ons volkome lewe? (vers 24)

Die wil van God

Jou eie begeertes

Jy kan nie jouself vernuwe nie. Die wonderlike is juis dat God jou vernuwe. Die Heilige Gees werk in jou hart sodat jy al hoe meer vir die Here lewe. Jou opdrag is om nou as iemand wat nuutgemaak is, te lewe.



Snuffelfontein



Kankerpakkes

-Koop 'n kankerpakke vir iemand met kanker of wat chemobehandeling ondergaan. Of borg 'n kankerpakke wat in Oktober persoonlik afgelewer word. Pakkes kos R375 elk.
-Kontak gerus vir Loraine Deysel by 084 503 3369.



Heerlike kolwyntjies te koop!

Grootes:

*Klein=R5

*Medium=R8


*Groot=R12

-Kontak vir Magda Pietersen by 083 759 9697 vir bestellings.



Ingelegde slaai

-Kerriebone: R90
-Koperpennie, uie en spaghetti: R80
-Beetslaai (groot): R70; (klein): R40
-Kontak vir Lorain Deysel by 084 503 3369.



Pelvic Care - Mayville

-Bekkenbodemrehabilitasie en welstand.
-30min konsultasie.
-Kontak Renate Wannenburg by 082 443 7081 vir konsultasie.

Blokadvertensies

GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies na My toe kom..."
Lukas 18:16

"Bid gedurig."
1 Tess 5:17

Kontak:

Anneen van der Merwe
072 671 8373
of skandeer die QR-kode na die groep.



Met die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om die kindjie te ontvang, vir hom/haar te bid, lief te he en 'n voorbeeld te wees.
Ons is opsoek na mense wat bereid is om ons kindertjies na Jesus toe te bring deur vurig vir hulle te bid!

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angstersteuring of verslawing? Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



'n Pragtige Evangelisasiegeleentheid

Kom raak betrokke as mentor vir 'n gevangene

- Ontvang weekliks 'n ingevulde lesblad van 'n gevangene.
- Sien dit na, gee bemoedigende kommentaar en stuur terug.
- Jou naam bly anoniem vir die gevangene.

Vir meer inligting skakel Evangelisasiekommissie by 082 770 4262
Of stuur e-pos: evangelisasie@annlin.co.za



Ontbytsake VIR ONS bo-sewentigers

Het jy die 70-jaar merk oorgesteek? Jy is genooi! Of jy alleen is, of al is jou maat nog nie 70 nie, kom eet saam!

Ons nooi al ons seniorlidmate bo 70 jaar uit na 'n heerlike laatontbyt.

Wanneer: Saterdag, 7 November 2026

Waar: In die kerksaal

Hoe laat: 10:00

Wat moet jy maak? Opdaag!



KLASSIS TRANS-MAGALIES HERVORMINGS-DAG



GRACE REFORMED CHURCH

AANDEREDIENS

18:00

TEE EN VERVERSINGS SAL NA DIE DIENS BEDIEN WORD.

25 OKTOBER

GK ANNLIN

Laerskool Jeug SURVIVOR NIGHT

Kom geniet baie lekker uitdagings en laat ons sien watter span kom bo uit!

Wanneer:
30 Oktober

Waar:
Kerksaal

Tyd:
17:00 - 19:00

Ouers is welkom om saam te kom kuier om die vuur.

Worsbroodjies sal vir almal voorsien word.





Die Fontein Geldjies

Ons herinner ons lidmate wat papier weergawes van Die Fontein Maandblad ontvang om asb. hul donasie vir die jaar sal inbetaal.

Dit help baie om die drukkostes te dek!

Dit kan in die kerkkasrekening inbetaal word met verwysing: Maandblad of Die Fontein. Baie dankie!

Kwaliteit hulpbronne vir die Afrikaans-klaskamer!

Prakties, kreatief en doelgerig ontwerp om onderwysers te ondersteun en leerders se liefde vir Afrikaans te laat groei.

My hulpbronne sluit in:

- IDIOME-BLOKKIESRAAISELS** binne spesifieke temas
- ALGEMENE BLOKKIESRAAISELS** vir taalleer, bv. intensiewe vorme
- GEÏNTEGREERDE PAKKETTE** wat verskillende tipes oefeninge bevat, bv. luistertoetse, taalleeroefeninge, opsommings en meer.
- LETTERKUNDE AANTEKENINGE**
- POWERPOINT-AANBIEDINGS** van gedigte
- WOORDEBOEKOEFENINGE**

BESOEK MY WINKEL OP TEACH A RESOURCES

https://www.teacharesources.com/shop/?filter=1&woof_author=122600

Met liefde vir Afrikaans. Met passie vir onderrig.

Hulpbronne wat tyd spaar en leer inspireer!

5 SKOLE **856 BEHOEFTEIGE KINDERS**

TERUG-SKOOL-TOE-ONDERSTEUNING VIR BEHOEFTEIGE LEERDERS

ONS MOET HELP KONTANTSKENKINGS WELKOM

- 71 benodig skoolklere
- 22 benodig skoolskoene
- 30 benodig skooltasse
- 40 benodig basiese skryfbehoeftes

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

88 KINDERS HET DRINGEND HULP NODIG

Transoranje Instituut
ABSA Tak 632005
Tjek-rek 020 840 145
Verwys: naam & BTS

info@toibo.org.za
076 143 6961

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

